

## **Inklusiwiteit in Gemeenskapsopvoedkundige Sielkunde: 'n Joernaal inhoud-analise**

---

Onderrig vir spesiale behoeftes was altyd toegespits op die mediese model en deur probleme binne die persoon self. Die paradigmatiese verandering van inklusiewe onderrig het hierdie model vervang met die meer populêre maatskaplik/ekologiese model.

My studie se doelwit was, om akademië se gepubliseerde artikels in joernale te bestudeer ten einde vas te stel wat hulle interpretasie van inklusiwiteit of inklusiewe onderwys is; en wat die neigings en tendense rondom inklusiwiteit is. Ek het artikels van drie joernale gebruik: *School Psychology International*, die *International Journal of Educational Psychology* en *School Psychology Review*. Nadat ek die hoeveelheid artikels wat tussen 2013 en 2017 in elkeen van hierdie joernale gepubliseer is getel het, het ek gesoek vir artikels met die terme "*Inclusive Education*" en "*Inclusion*".

Die analise van hierdie joernale se inhoud het getoon dat inklusiwiteit nie deur verskillende akademië op die selfde manier gebruik word nie. Inklusiwiteit word gebruik om na gemarginaliseerde groepe, soos bv. kinders, te verwys. Die term is ook in die konteks gewone klaskamers gebruik en nie net vir kinders met spesiale behoeftes nie. Laasgenoemde is 'n belangrike punt omdat inklusiwiteit en inklusiewe onderwys in baie van die literatuur oor die algemeen, verwar word met gestremde kinders. My analise het anders bevind.

---

Roegshana Naidoo

Studieleier: Prof Ronelle Carolissen